Kry ’n kenner om jou meer te vertel oor die blomme en bytjies

Blommekyk is ’n fyn kuns en iets wat jy met ’n ondersoekende ingesteldheid moet aanpak. Daar is soveel meer te sien as net die opvallende helderkleuriges, skryf Danie Keet.

As iemand met kennis jou meer inlig oor die Knersvlakte se plantegroei, kry só ’n besoek nuwe betekenis.

Namakwaland en die Knersvlakte bied nie net ’n groot verskeidenheid blomplante nie, maar die honderde vetplante, hoe klein ook al, is van die kleiner plante waarop jy moet let as jy die gebied besoek. Foto’s: DANIE KEET

Vygies in die warm Namakwalandse son gedy dié tyd van die jaar en sorg vir ’n skouspel van kleur en tekstuur.

“Kom kyk in blomtyd blomme, en in Namakwaland is dit altyd blomtyd.”

So sê Mike Spies, kenner van Namakwaland se blomme en eienaar van die Namaqualand Country Lodge op Vanrhynsdorp.

“Hier in Namakwaland is elke jaar ’n goeie blomjaar; dit gaan net afhang van wat jy wil sien of verwag en wat die natuur jou gaan bied om te sien.

“Vanjaar het ons goeie reën op die regte tyd gehad en die veld is reg vir die seisoen. Daar was ook genoeg warm dae tussenin om goeie groei van die plante te verseker. Toegegee, ons kort nou ’n bietjie goeie opvolgreën, maar dit sal kom en dan gaan die streek weer sy beste voet voor sit,” sê Spies.

Hy meen egter jy moet verder kyk as die plate oranje en wit blomme wat gereeld op tydskrifte se voorblaaie en in brosjures pryk.

“Die beste tyd om die blomme te kom kyk is wanneer die natuur reg is daarvoor en dit is gewoonlik van middel Augustus tot so aan die einde van September, voordat dit weer te warm word.

“Mense moet egter sorg dat hulle voor die tyd ingelig is oor waarvoor om uit te kyk en dat hulle goed beplan.

“Ongelukkig is dit met die blommetyd so dat jy nie eintlik weke vooraf kan sê presies waar die blomme gaan wees en watter blomme jy op watter dag op ’n spesifieke plek in die streek gaan sien nie.

“Sorg dat jou begroting en verlof reg is, maar praat kort voor die besoek met kenners en besluit dan eers presies wanneer jy wil ry,” is Spies se aanbeveling.

Hy glo ook dat jy die beste resultate kry as jy blomme gaan kyk saam met ’n ervare gids of veldblomkenner. “Daar is soveel meer as die blomme om te sien en ervare gidse kan jou meer vertel oor die kleiner dingetjies.

“Hier is byvoorbeeld ’n spesifieke soort gousblom wat net deur een insek bestuif kan word en dit kan aan jou uitgewys word as jy die regte mense saam met jou het,” vertel hy.

Hendrik van Zjil van Nieuwoudtville is dit eens.

“Die omgewing waarin die plante en blomme hier voorkom, is ewe interessant. Vat byvoorbeeld die waterval hier buite ons dorp. Almal kyk na die waterval, maar min mense sien die wortels van die vyebome raak wat teen die kranse groei. Dit is so dik soos ’n man se voorarm en loop meters ver oor die rotse tot by hul vastrapplekke. En aalwyne groei in die kleinste skeurtjies tussen die rotse. Vygies blom en verskaf plesier, maar as jy kyk na die plekke waar hulle groei, staan jy verwonderd,” sê Van Zijl.

As jy dus iewers in die blomwêreld gaan kuier, gesels met die mense wat die omgewing ken. Dit maak jou ervaring van die besoek soveel meer betekenisvol.

ADVERTENSIE-ARTIKEL || WESKUS TOERISME

Ontdek prag van Weskus-blomme

Die Kaapse Weskus bied ’n verrassende verskeidenheid reiservaringe en bestemmings. Dit wissel van vissersdorpies en die ongetemde ruwe kuslyn tot karaktervolle vissermanne met volop stories, vars kreef, walvisse, bokkoms, watersport en avontuur. Wyn en olywe, kuns en kultuur, 4x4- en staproetes lok baie toeriste en dan is daar natuurlik die blomme . . .

Geleë binne trefafstand van Kaapstad, word die Weskus in die vroeë lente al getooi met wit en geel madeliefies sowel as blou en pienk moederskoentjies. Weggesteek tussen die groter plante, kruip juwele soos fluweeltjies, viooltjies en bobbejaantjies weg.

In die Weskus Nasionale Park verwelkom plate blomme jou en kan jy die Postberg-reservaat tussen Augustus en September besoek. Moet ook nie die Cape Columbine-reservaat by Paternoster en die reservate by Darling, Hopefield, Clanwilliam en Vanrhynsdorp misloop nie. Maak seker by streeksbeamptes waar die blomreservate is.

Met die reënval wat kan strek tot laat Oktober, is kleurvolle vygies, rooipypies asook oranje en geel stinkkruid volop en hou die kus se blomtydperk selfs nog langer aan.

In die berge, wat meer na die binneland strek, blom heide, proteas, speldekussings en meerjarige madeliefies tot in die somermaande. Januarie is die beste maand om die skaars rooi disas in die Groot Wintershoek-natuurreservaat te sien – ’n gemaklike rit vanaf Porterville.

Daar is letterlik blomme vir elke seisoen in hierdie streek.

Wenke vir blomkykers

- Staan altyd met jou rug na die son, of ry met die son agter jou, want die blomme draai altyd hul gesiggies na die son.
- Die blomme is op hul beste gedurende die warmste tyd van die dag, gewoonlik van 11:00 tot 15:00.
- Loop tussen die blomme. Daar is baie meer tussen die massa om te sien.
- Onthou altyd om ’n inwoner van ’n gebied te vra hoe lank dit sal neem om ’n sekere plek te bereik. Voeg dan nog ’n paar uur by om jou bestemming te bereik.
- Hou altyd ekstra drinkwater en verversings in die voertuig.
- Wanneer jy in ’n dorp kom, vul jou brandstoftenk.
- Neem kennis dat OTM’s net beskikbaar is in groter dorpe.
- Hou ’n goeie kaart byderhand en, indien moontlik, vra vir die beste en mees skilderagtige roete na jou bestemming.
- Die dorpe in Namakwaland is ver uitmekaar. Selfoonontvangs is net op sommige dorpe beskikbaar.